**DIE IDENTIFISERING EN EVALUERING VAN HISTORIESE STRUKTURE OP ERWE 1112 EN 1674 IN ROOIHUISKRAAL, CENTURION**

Vir:

**STADSRAAD VAN CENTURION**
Posbus 14013
CENTURION
0140

Opname gedoen en verslag voorberei deur:


**NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM**
Posbus 28088
SUNNYSIDE
0132

Telefoon: (012) 341 1320
Faks: (012) 341 6146


VERSLAG: 96KH01

Datum van opname: April 1996

Datum van verslag: Mei 1996

NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM
NATIONAL CULTURAL HISTORY MUSEUM

## OPSOMMING

**Die identifisering en evaluering van historiese strukture op erwe 1112 en 1674 in Rooihuiskraal, Centurion**

Oorblyfsels van 'n kraal is op die twee aangrensende erwe 1112 en 1674 in Rooihuiskraal, Centurion, geïdentifiseer. Hierdie oorblysels hou met die Rooihuiskraal Historiese Terrein, ten noorde hiervan verband.

Die hoofterrein (Historiese Terrein) en terrein onder bespreking is moeilik om met mekaar in verband te bring as gevolg van konstruksiewerk (paaie) en oprigting van geboue (woonhuise) tussenin. Deeglike museumkundige dokumentasie as 'n bewaringsmaatreël op die kort en lang termyn is noodsaaklik alvorens verder oor die toekoms besluit word. Verskeie opsies kan gevolg word vir die hergebruik van die terrein. Ontwikkeling is onderhewig aan die uitvoering van aanbevelings wat dokumentering, omheining, skoonmaak van die terrein en die oprigting van 'n

inligtingsbord behels. Die publiek moet gesensiteer word ten opsigte van historiese terreine in Centurion. Goedkeuring van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en die samestelling van 'n komitee vir enige verdere ontwikkeling is noodsaaklik.

## Error!SUMMARY

**The identification and evaluation of historical structures on stands 1112 and 1674 in Rooihuiskraal, Centurion**

Remains of a kraal were identified on two adjacent stands, 1112 and 1674, at the Rooihuiskraal, Centurion area. These remains are associated with the Rooihuiskraal Historical Terrain to the north.

Difficulties are encountered in connecting the main terrain (Historical Terrain) and the terrain under discussion because of construction work (roads) and the construction of buildings in between. Proper museological documentation as a conservation precaution is necessary in the short and long term, before further dicisions are taken about future development. Various options can be followed for the re-use of the terrain. Development is subject to the carrying out of recommendations, which include documentation, fencing, clean-up of the terrain and the erection of an information sign. The general public must be made aware of historical sites in Centurion. Approval from the National Monuments Council and the putting together of a committee for futher development are essential.

**INHOUDSOPGAWE**

OPSOMMING/SUMMARY i
INHOUDSOPGAWE ........ ii
1.DOEL VAN DIE ONDERSOEK ........ 1
2.OPDRAG ........ 1
3.VOORWAARDES EN BEPERKINGS ........ 1
4.METODOLOGIE ........ 1
5.ONDERSOEKGEBIED ........ 2
6.BESPREKING ........ 2
7.OPSIES EN AANBEVELINGS ........ 5
8.VERWYSINGS ........ 6
9.PROJEKSPAN ........ 6
BYLAAG A ........ 7
BYLAAG B ........ 8

# DIE IDENTIFISERING EN EVALUERING VAN HISTORIESE STRUKTURE OP ERWE 1112 EN 1674 IN ROOIHUISKRAAL, CENTURION

## 1.DOEL VAN ONDERSOEK

Die vasstelling van die waarde van historiese strukture op twee onbeboude erwe in Rooihuiskraal X6 en X7 en die verband met strukture op die Rooihuiskraal Historiese Terrein ten noorde daarvan.

## 2.OPDRAG

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum se opdrag is om die verband tussen die historiese strukture op bogenoemde erwe en dié van die Rooihuiskraal Terrein vas te stel. Hierdie terreine het 'n rol tydens die Slag by Rooihuiskraal in Februarie 1881 gespeel. Die opdrag behels verder die hergebruik van die twee erwe.

## 3.VOORWAARDES EN BEPERKINGS

Die volgende aspekte het 'n direkte invloed op die ondersoek en resultate van die verslag:

-Historiese strukture behels alle sigbare oorblyfsels van menslike aktiwiteite.

-Geen verantwoordelikheid word aanvaar vir ongeïdentifiseerde elemente wat nie sigbaar is nie.

-Alle aanbevelings word gemaak met verwysing na die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, Wet 28 van 1969, soos gewysig.

-Soortgelyke veldwerkondersoeke word gewoonlik in die wintermaande onderneem, aangesien lang grasse die identifisering van strukture bemoeilik.

## 4.METODOLOGIE

### 4.1**Voorondersoek**

4.1.1Literatuurondersoek

Relevante literatuur wat op die onderwerp betrekking het, is ondersoek. In hierdie verband is verskeie argeologiese en historiese bronne geraadpleeg.

4.1.2Terreinbesoek

Die twee erwe is saam met mev S M Coetzee-Smit verbonde aan die Stadsraad van Centurion, met die doel om 'n voorlopige evaluasie van die gebied te maak, besoek.

4.1.3Data-ondersoek

Die **Archaeological Data Recording Centre (ADRC)** wat in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum gehuisves word, is ook geraadpleeg.

### 4.2**Veldwerk**

Die ondersoek is onderneem met die oog daarop om alle oorblywende historiese strukture te identifiseer. Natuurlike en mensgemaakte elemente is ondersoek.

### 4.3**Dokumentasie**

Die terrein is gefotografeer en koördinate is volgens die **Global Positioning System (GPS)** vasgestel.

## 5.ONDERSOEKGEBIED

Die ondersoekgebied behels twee aangrensende erwe, erf 1674 Rooihuiskraal X6 en erf 1112, Rooihuiskraal X7 in Centurion (Bylaag A). Die twee erwe word deur Koggelaarweg in die noorde en Uitsigrylaan in die suide begrens (Figuur 1). Die terrein onder bespreking (GPS 25° 53'33.5" S en 28° 09'02.6" O) is 1,2 kilometer van die Rooihuiskraal Historiese Terrein geleë. Stedelike ontwikkeling plaas die twee terreine in geografiese isolasie van mekaar. Tans is die terrein nie vir besoekers toeganklik nie, aangesien dit nie as 'n toeristebesoekpunt bekend is nie en ook nie met die Historiese Terrein in verband gebring word nie.

## 6.BESPREKING

Korrespondensie in lêers (einde 1970's, eerste helfte van 1980's) tussen Mondorp en die destydse Stadsraad van Verwoerdburg het getoon dat die erwe vir munisipale doeleindes gereserveer word (Bylaag A). Hierdie aanbevelings is op grond van die historiese strukture op die twee erwe gemaak en het daartoe gelei dat die erwe nie ontwikkel is nie.

### 6.1Terreinbeskrywing

Die erwe is tans onbebou en met woonhuise en paaie omring. Natuurlike klipriwwe kom aan die suidwestelike gedeelte van die erwe voor. Los klippe waarvan sommiges gestapel is, is in die middel van die terrein sigbaar. Dié klippe is effens sirkelvormig geplaas en dit wil

voorkom of van die klippe verwyder is. Dit is moeilik om die struktuur te identifiseer. Vergelykend met foto's wat in 1981/82 (Bylaag B) van die terrein geneem is, is dit duidelik dat agteruitgang plaasgevind het.

Foto 1: Die terrein soos dit tans daar uitsien

Dit kan onder meer toegeskryf word aan bou-aktiwiteite in die omgewing en die vrye toegang tot die erwe. Dit is ook 'n deurloop tussen Uitsigrylaan en Koggelaarstraat. Die erwe is met rommel bestrooi en onkruid en lang grasse bemoeilik die sigbaarheid van die struktuur.

6.2**Interpretasie**

Volgens argeologiese opgrawings in 1982 (Bylaag B) dui die klipoorblyfsels 'n min of meer sirkelvormige kraal aan wat met plaaslike klip gestapel is. Dit stem ooreen met vroeëre lugfoto's. Hiervolgens het die kraalmuur uit twee rye klippe wat aan die binnekant met kleinere klip gevul is, bestaan. Hiervan is tans nie veel oor nie.

Die huidige ondersoek bevestig dat die los klippe wel oorblyfsels van 'n kraalmuur is, wat tydens die Slag by Rooihuiskraal (Februarie 1881) ter verdediging deur die Boere as 'n

skans gebruik is. Die kraal kan dus met die strukture op die Rooihuiskraal Historiese Terrein noord hiervan in verband gebring word. In hierdie konteks is die kraaloorblyfsels dus 'n belangrike verskynsel.

## 7.OPSIES EN AANBEVELINGS

Na aanleiding van bogenoemde bespreking bestaan daar verskeie opsies oor die hergebruik van die twee erwe en maak die Museum die volgende aanbevelings:

7.1**Opsies**:
1.Museologiese dokumentering van die terrein en behoud van die status quo.
2.Museologiese dokumentering en voortsetting van ontwikkeling op die terrein.
3.Museologiese dokumentering en verskuiwing van die reste na ander terreine soos byvoorbeeld Rooihuiskraal Historiese Terrein.
4.Sensitering van die publiek ten opsigte van historiese terreine in Centurion.

7.2**Aanbevelings**
Die Museum se aanbeveling is opsies 2 en 4:
<u>Opsie 2: Museologiese dokumentering en voortsetting van ontwikkeling op die terrein</u>:
-Alvorens verdere ontwikkeling plaasvind moet die terrein volledig gedokumenteer word. Dit sluit opmeting, kartering en fotografering in.
-Daar word voorgestel dat die terrein omhein word met 'n ingang in Koggelaarstraat; rommel, onkruid en lang gras moet verwyder word en 'n inligtingsbord moet aangebring word.
Die Rooihuiskraal Historiese Terrein wat deel van die gebeure is, moet nie in isolasie hiervan geplaas word nie.

<u>Opsie 4: Bewusmaking van die publiek ten opsigte van historiese terreine in Centurion</u>:
-Die publiek moet bewus gemaak word van historiese terreine in Centurion wat ook die terrein onder bespreking insluit. 'n Opname van alle kultuurhistoriese hulpbronne word aanbeveel.

Riglyne vir verdere ontwikkeling:
-Omdat die terrein ouer as 50 jaar is en daarom outomaties deur die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede beskerm word, moet goedkeuring van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) verkry word.
-Die samestelling van 'n komitee vir die beplanning en ontwerpproses is noodsaaklik voordat enige konstruksiewerk 'n aanvang neem.

## 8.VERWYSINGS

8.1**Ongepubliseerde bronne**
8.1.1Data basis
Achaeological Data Recording Centre, Transvaal section, National Cultural History Museum, Pretoria.
8.1.2Aktes
Aktes: Erwe 1674 en 1112, Rooihuiskraal, Centurion, Kantoor van die landmeter-generaal, Pretoria.
8.2**Gepubliseerde bronne**
8.2.1Boeke, Joernale, verhandelinge en korrespondensie
Lagden, 1881: **Lagden se Verslag oor die Slag van Rooihuiskraal**, 12.2.1881. Transvaalse Argiefbewaarplek, A596, Versameling 5b.
Stadsraad van Verwoerdburg: **Korrespondensielêers, Dorpstigtinglêers** 16/3/128, 1979 -1983

en 16/3/1/124, 1979-1983.
Van Ewyk, J.F. 1986: Die Slag van Rooihuiskraal: 'n Argeologiese benadering tot 'n historiese probleem. **Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum**, 1(2).
Van Jaarsveld, F.A. & A.P.J. van Rensburg 1980: **Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881**. Pretoria: HAUM.

8.2.2 Kaart
1:20 000 - Pretoria and Environs Street Guide, 1992.

**9.PROJEKSPAN**
S Naudé - ondersoek en verslag
J van den Bos - ondersoek en verslag

**BYLAAG A**

**BYLAAG B**